BYLAE 4

BONDELVEREISTES

[Artikel 16.1(b)]

1. Elke bondel plantmateriaal wat vir sertifisering aangebied word, moet stewig vasgemaak wees.

2. Onbedekte metaaldraad mag nie vir die vasmaak van bondels gebruik word nie.

3. Elke bondel plantmateriaal van 'n kategorie in kolom 1 van die tabel hieronder vermeld, moet minstens die getal plante, lote of entbare oë hê wat in kolom 2 van die tabel daarteenoor aangedui is:

Kategorie plantmateriaal	**Minimum getal plante, lote of entbare oë per bondel**
1	**2**
1. Bostokentlote	1 000 ente of 2 000 entbare oë
2. Bostokplantlote	500 lote
3. Onderstokentlote	500 entbare lote
4. Onderstokplantlote	500 lote
5. Gewortelde onderstokplante	50 plante
6. Gewortelde geënte plante	25 / 50 plante

[Vervanging van tabel deur R. 227 van 19 Maart 2021]